education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye, insluitende volkleur visuele bronne.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen moet jy die volgende demonstreer:

- Die gebruik van korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale en historiese konteks
- 'n Begrip van kenmerkende kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

2. Nommer die antwoorde en onderafdelings korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

4. Maak seker dat jy na die afgebeelde kleur visuele bronne verwys waar dit vereis word.

5. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek is en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.

6. Noem die kunstenaar en titel van kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

7. Skryf in 'n duidelike, kreatiewe en ordelike styl. Skryf in volsinne en gebruik paragrawe waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**WOORDELYS**

Gebruik die volgende woordelys om te verseker dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader.

| | |
|---|---|
| Analiseer: | 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente soos lyn, kleur, toonwaardes, formaat en komposisie van die kunswerk. |
| Beeld: | Voorstelling van iemand of iets op 'n skildery, tekening, ens. |
| Bespreek: | Bied jou standpunt aan en gee redes vir jou stellings. |
| Estetika: | Teorie van skoonheid en kuns en die begrip van pragtige/skone dinge. |
| Ikonies: | Tree op as as 'n teken of simbool; ook frontaal uitgebeeld, gewoonlik 'n simmetriese uitbeelding of beeldhouwerk. |
| Inheems: | Oorspronklik van en behoort aan die land waar die werk of artefak gevind is, eerder as dat dit daarheen geneem is vanaf ander lande of streke. |
| Interpreteer: | Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening van) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| Jukstaposisie: | Om kunswerke langs mekaar of teenoor mekaar te plaas om sodoende hul verskille, kontraste en/of nuwe verhoudings te toon. |
| Pous: | Hoof van die Rooms-Katolieke Kerk. |
| Verduidelik: | Maak duidelik en gee redes vir jou stelling. |
| Vergelyk: | Wys binne dieselfde argument op 'n geordende wyse op verskille en ooreenkomste. |
| Verklaar: | Gee ware feite en sê reguit wat jy dink – gee jou eie opinie, asook 'n verduideliking. |
| Visuele bronne: | Die visuele afbeeldings wat in die vraestel verskyn. |

**VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's**

Vroue-figure word in al die skilderye in die visuele bronne uitgebeeld.


1.1 Met verwysing na die visuele bronne in FIGUUR 1a, 1b, 1c en 1d, skryf 'n paragraaf waarin jy die ooreenkomste en/of verskille tussen die skilderye van die Franse kunstenaars, Paul Gauguin en Henri Matisse, met dié van die Suid-Afrikaanse kunstenaars Gerard Sekoto en George Pemba bespreek. Kyk na die komposisie, tema en styl van hierdie skilderye. (5)

1.2 Helen Sebidi se werk dateer uit 'n latere periode. Bespreek hoe Sebidi die vroue in haar tekening ***Waar is my huis - Die onheil van die 'township'*** (FIGUUR 1e) uitgebeeld het deur van die korrekte kunsterminologie gebruik te maak.

Watter atmosfeer of stemming het Sebidi in hierdie werk (FIGUUR 1e) geskep in vergelyking met die ander afgebeelde werke in FIGUUR 1a, 1b, 1c, 1d? (5)

1.3 Pemba en Sekoto was twee van die eerste erkende, professionele swart kunstenaars in Suid-Afrika. Bespreek TWEE ander kunswerke wat hulle geskep het, of werke van enige ander kunstenaar(s) wat jy bestudeer het wat 'n gevoel vir die tye waarin hulle geleef het in hul werk vasgevang het (1 bladsy). (10)

**[20]**




FIGUUR 1a: Paul Gauguin, ***Vrou met blom***, 1891. Olie op doek.




FIGUUR 1b: Henri Matisse, ***Groen Streep (Madame Matisse)***, 1905. Olie op doek.



FIGUUR 1c: Gerard Sekoto, ***Portret van Mary***, Olie op doek.



FIGUUR 1d: George Pemba, ***Portret van jong Xhosa-vrou****,* 1946. Olie op doek.



FIGUUR 1e: Helen Sebidi, ***Waar is my huis - Die onheil van die 'township' (detail)****,* 1988. Pastel op doek.

**VRAAG 2: SOEKE NA 'n AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS SEDERT 1950**

Baie vroeë twintigste-eeuse kunstenaars in Wes-Europa het in die geometriese vorms en ekspressiewe kwaliteite van die stamkuns van Afrika 'n kragtige bron van inspirasie gevind.

2.1 Picasso het min kennis van Afrika-kuns gehad, maar hy het die ekspressiewe vorms van die Afrika-beeldhouwerke en -maskers wat hy versamel het, interessant gevind, en het dit gebruik om kuns wat op daardie tydstip in die Weste gemaak is, uit te daag.

In *Les Demoiselles d'Avignon*, FIGUUR 2c, word daar gesê dat Picasso deur die beeldhouwerke van Afrika geïnspireer is, veral dié van die Dogon- en Pende-kulture.

Deur die visuele bronne in FIGUUR 2a, 2b en 2c te bestudeer en die invloed van Afrika-kuns op Picasso se werk te oorweeg, skryf 'n kort opstel (1 bladsy) waarin jy die Afrika-invloede op Picasso se *Les Demoiselles d'Avignon* bespreek, in terme van die volgende:

- Ruimte
- Vorm en verwringing
- Kleur
- Lyn (10)

2.2 In hulle soeke na 'n Afrika-identiteit het baie kunstenaars hulle na Afrika en/of ander inheemse kunsvorms gewend vir inspirasie, nie net vir hul beeldgebruik nie, maar ook vir stilistiese vernuwing.

Skryf 'n kort opstel (1 bladsy) waarin jy die werk van enige plaaslike of internasionale kunstenaar(s) wat jy bestudeer het, bespreek, en wie jy voel die kwessie van identiteit in hul werk ondersoek het. Jou antwoord moet die volgende inligting insluit:

- Inspirasie/Invloede op die werk
- Formele elemente in die werk gebruik
- Temas en boodskappe in die werk wat 'n gevoel van die kunstenaar se identiteit oordra (10)

**[20]**



FIGUUR 2a: Picasso, ***Vrou met gevoude hande (Studie vir Les demoiselles d'Avignon)***, 1907.



FIGUUR 2b: Onbekende kunstenaar, Pende DRC. ***Inisiasie/Begrafnismasker***, vroeë 20ste eeu.



FIGUUR 2c: Picasso, ***Les demoiselles d'Avignon***, 1907. Olie op doek.

**VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK – WEERSTANDSKUNS ('RESISTANCE ART')**

3.1 Bestudeer die visuele bronne voorsien in FIGUUR 3a, 3b, 3c en bespreek hoe hierdie werke die lewe in 'townships' gedurende die stryd teen apartheid gereflekteer het (1 bladsy).

Verwys in jou antwoord na die volgende:


- Die keuse van beeldgebruik
- Die verskillende uitdrukkings op die figure se gesigte
- Die verskillende style van kunsuitdrukking
- Komposisie
- Wat, na jou mening, is die rol van hierdie kunswerke vandag?
- Watter kunswerk, dink jy, gee die beste uitdrukking aan die probleme en aakligheid van 'township'-lewe gedurende die strydjare teen apartheid? Interpreteer dit en staaf jou argumente. (10)

3.2 Kies TWEE spesifieke kunswerke wat jy bestudeer het, wat ons van die ongeregtighede in ons verlede en hede bewus maak. Bespreek dié kunswerke in detail (1 bladsy). (10)

**[20]**



FIGUUR 3a: Sydney Holo, ***Geen lewe***, geen datum. Linosnee.




FIGUUR 3b: Willie Bester, ***Crossroads***, 1991. Gemengde media.



FIGUUR 3c: Manfred Zylla, ***Koeëls en lekkers****,* 1985. Potlood en waterverf op papier.

## VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

Reuben Ndwandwe beoefen die tradisionele vaardigheid van mandjieweef (FIGUUR 4b).

Hierdie kunsvlyt is herontdek deur die stedelike mans wat telefoondraad gebruik om hul mandjies, bakke en ander voorwerpe te weef.

Beide hierdie kunsvlytvorme het ontwerpers en skone kunstenaars soos Haldane Martin en Andries Botha beïnvloed. Gedurende die vroeë maande van 1984 het Andries Botha elke naweek na die Drakensberg-streek gereis waar die Ntshalintshali-familie hom die kuns van dekwerk en weef wat in die bou van Zoeloe-hutte gebruik word, geleer het. Dit het gelei tot beeldhouwerke soos ***Genesis, Genesis, Jesus***, FIGUUR 4e.

Met verwysing na die stelling hierbo, bestudeer die visuele bronne (FIGUUR 4a,4b, 4c, 4d, 4e) en beantwoord die volgende:

4.1 Beskou die visuele bronne in FIGUUR 4a, 4b, 4c en skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek of dit vir kunsvlyt-kunstenaars moontlik is om die tegniese tradisie van hul kunsvlyt te onderhou, en tog ook ontwerpe te skep wat vir die groter publiek aanloklik is? Verduidelik jou antwoord in detail. (10)


4.2 Deur na die visuele bronne (FIGUUR 4d en 4e) of enige ander kunsvlytkunstenaar wat jy bestudeer het te verwys, verduidelik die volgende (1 bladsy):

- Die invloed van kunsvlyt op die werk van hierdie kunstenaars
- Jou begrip van die hoogs debateerbare kwessie van wat beskou word as 'skone kunste' of 'kunsvlyt' of 'ontwerp' (10)

**[20]**



FIGUUR 4a: ***Zoeloe-hut-raamwerk en voltooide hut***



FIGUUR 4b: Reuben Ndwandwe, ***Izimkamba****,* 1994.



FIGUUR 4c: Elliot Mkhize, ***Draadmandjie****,* 1993.



FIGUUR 4d: Haldane Martin, ***Mama Zulu Stoel***. Sitplek geweef van herwinde melkbottels en 'n vlekvryestaal raamwerk.



FIGUUR 4e: Andries Botha, ***Genesis, Genesis, Jesus***, 1990. Hardekoolhout, dekgras, metaal.

**VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, GEDENKTEKENS EN KUNSWERKE**

> Volgens Neil Fraser, Uitvoerende Direkteur van Vennootskappe vir Stedelike Regenerering, is 'die Konstitusionele Heuwel-projek (FIGUUR 5a – 5b) een van die mees betekenisvolle en simboliese projekte wat ek al ooit op enige plek in die wêreld ervaar het. Sy grootse Afrika-simboliek, wat die hoop vir die toekoms van hierdie land verteenwoordig, is tussen vier tronke wat die slegste van ons verlede, menslike onwaardigheid en onmenslike behandeling verteenwoordig, geplaas. Die jukstaposisie is so kragtig dat dit in 'n klas van sy eie staan,' peins hy.
>
> [Vry vertaal: *Home Owner 15 Years Commemorative Issue,* 2005]

> Toe die Mosambiekse Burgeroorlog in 1992 beëindig is, is sewe miljoen gewere agtergelaat. In 1998 het Mabunda (FIGUUR 5c) deelgeneem aan 'n projek om wapens in kunsobjekte te verander, met die doel om kunstenaars 'n kans te gee om werke oor die lang burgeroorlog te maak. Die beeldhouwerke en meubels wat Mabunda skep, is bewys daarvan dat verandering kan plaasvind en dat dit moontlik is om iets nuuts te bou sonder om jou geskiedenis te vergeet.

5.1 Daar word gesê word dat beide die argitekte vir die Konstitusionele Heuwel-projek en die Mosambiekse kunstenaar, Mabunda, daarin geslaag het 'om iets nuuts te bou sonder om jou geskiedenis te vergeet'.

Bespreek die stelling deur te verduidelik wat die betekenis van hierdie twee voorbeelde (FIGUUR 5a en 5c) is (1 bladsy). (8)

5.2 Jy is genooi om 'n artikel vir 'n koerant te skryf getiteld *Kuns en Mag – Gedenkgeboue, Gedenktekens en Kunswerke*.

Jou artikel mag nie op meer as DRIE voorbeelde wat jy bestudeer het, gebaseer wees nie.

Die volgende inligting moet in opstelformaat ingesluit word (1½ bladsy):

- Die naam van voorbeelde bespreek
- Redes vir jou keuse deur na hul betekenis te verwys
- 'n Formele analise van die voorbeelde
- Materiale, tegnieke en versierings gebruik
- Verklaar jou persoonlike mening en gevoelens oor die voorbeelde wat jy bespreek het. (12)

**[20]**



FIGUUR 5a: ***Konstitusionele Hof – Ingang***. Omm Design Workshop and Urban Solutions, 2004.



FIGUUR 5b: ***Konstitusionele Hof – in die aand***, Omm Design Workshop and Urban Solutions, 2004.



FIGUUR 5c: Gonçalo Mabunda, ***Stoel***, 2003. Metaal, herwonne wapens.

**VRAAG 6: DIE ROL VAN DIE FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSJARE/JARE NA APARTHEID**

Die kruisiging is 'n oorheersende tema en visuele motief in die kuns van baie studente wat aan die Pollystraat en Rorke's Drift Kunssentrums gestudeer het.

6.1 Bespreek die uitbeelding van die kruisigings in die visuele bronne (FIGUUR 6a, 6b, 6c en 6d). Verwys na die volgende in jou antwoord (1 bladsy):

- Die gebruik van lyn, vorm, toonwaardes, komposisie, ekspressiewe verwringing
- Die simbolisme en spirituele betekenis herlei tot die Suid-Afrikaanse sosio-politiese konteks gedurende dié periode (10)

6.2 Bespreek EEN van die bogenoemde kunssentrums OF enige ander kunsopleidingsentrum wat jy bestudeer het, en verduidelik hoe die kunssentrum die kunserfenis van Suid-Afrika gekoester en beïnvloed het, en kunstenaars met nuwe konsepte, idees en vaardighede geïnspireer het.

Verwys in jou antwoord na werke geskep deur kunstenaars wat die sentrum bygewoon het. (10)


**[20]**



FIGUUR 6a: **Pollystraat**,
Louis Maqhubela, ***Petrus se ontkenning***, 1966.



FIGUUR 6b: **Rorke's Drift**,
Charles Nkosi, ***Pyn op die kruis I***, 1976.
Linosnee.



FIGUUR 6c: **Rorke's Drift**,
Lindiwe Mvemve, ***Kruisiging***, 1977.
Linosnee.



FIGUUR 6d: **Rorke's Drift**,
Jacob Matsose, ***Vergifnis***, 1978.
Linosnee.

## VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

**Stinkryk – danksy 'n menslike skedel in kuns**

Damien Hirst ('n prominente lid van die Young British Artists) is nou ook die rykste. Die uiters omstrede kunstenaar se ***Vir die Liefde van God*** is onlangs vir $100 miljoen (meer as R700 miljoen) verkoop. ***Vir die Liefde van God*** is 'n platinum-afgietsel van 'n menslike skedel wat met 8 601 diamante versier is. Dit het die kunstenaar $28 miljoen uit die sak gejaag om die kunswerk te skep. Hirst het die menslike skedel wat as basis vir die werk gedien het, in 'n winkel in Londen gekoop.

Die titel van die skedel-kunswerk is deur Hirst se ma geïnspireer wat hom gevra het: *'Vir die liefde van God, wat gaan jy volgende doen?'* Die dood is 'n alomteenwoordige tema in Hirst se werk. Hy is veral bekend bekend vir sy Natural History-reeks, waarin dooie diere soos 'n haai, 'n skaap en 'n koei in formaldehied ('n kleurlose gas gebruik vir die bewaring van biologiese monsters) ingelê is. Sy mees ikoniese werk is ***Die fisiese onmoontlikheid van dood in die bewussyn van iemand wat lewe***, met 'n 14 voet-tierhaai in formaldehied.

[Gebaseer op 'n artikel in *Rapport*, 2 September 2007]

Die kunswêreld is verdeeld oor die meriete van ***Vir die Liefde van God***. Robin Simon, redakteur van die *British Art Journal*, sê: 'Al Hirst se werke is foefies. Hierdie is net 'n baie duurder foefie. Dit is leë nonsens. Dit is nie eers deur Hirst gemaak nie. Hy dink die konsep uit en kry tegnici om die res te doen. As kuns is dit baie flou.'

[Vry vertaal en gebaseer op 'n artikel in *South African Art Times,* 21 Oktober 2007]


7.1 Damien Hirst is 'n bekende, lewende, kontemporêre kunstenaar.

Met verwysing na die stelling hierbo en die visuele bronne (FIGUUR 7a en 7b), bespreek die volgende in 'n kort opstel (1 bladsy):


- Hoekom kan sy werk as konseptuele kuns geklassifiseer word?
- Wat word bedoel as ***Die fisiese onmoontlikheid van dood in die bewussyn van iemand wat lewe*** as sy mees ikoniese werk beskryf word? Hoe sal jy dié kunswerk evalueer?
- Hoe simboliseer Hirst die tema van dood in sy werk?
- Stem jy saam met of verskil jy van die kritikus, Robin Simon, wat sê dat ***Vir die Liefde van God*** leë nonsens is en dat Hirst slegs sensasie soek? Gee redes vir jou mening.
- Dink jy die prys van bykans R700 miljoen is geregverdig vir hierdie of enige ander kunswerk? Gee redes vir jou antwoord. (10)

7.2 Bespreek die werk van enige ander kontemporêre kunstenaar(s) wat jy bestudeer het en wat van ongewone media en/of tegnieke gebruik maak om sy/haar boodskap oor te dra. Verwys na ten minste TWEE spesifieke werke in jou antwoord (1 bladsy). (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Damien Hirst, ***Die fisiese onmoontlikheid van dood in die bewussyn van iemand wat lewe,*** 1991. Tierhaai in formaldehied.



FIGUUR 7b: Damien Hirst, ***Vir die liefde van God***, 2007. Platinium, diamante en menslike tande.

**VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE GEBIED – KWESSIES RAKENDE GELOOFSISTEME EN DIE GEWYDE ('SACRED') IN KUNS**

8.1 Kies enige TWEE van die voorbeelde voorsien in FIGUUR 8a, 8b, 8c en 8d, en vergelyk hulle deur die volgende te bespreek (1 bladsy):

- Lyn
- Vorm
- Kleur
- Komposisie
- Moontlike geestelike inhoud van elk van jou gekose voorbeelde. Gee geldige redes vir jou standpunte. (10)


8.2 Sedert die begin van tyd het kwessies oor godsdiens en die geestelike gebied 'n integrale deel van kuns in alle kulture gevorm.

Met verwysing na dié stelling, bespreek enige TWEE kunswerke waar jy voel dat die kunstenaar sterk uiting gee aan geestelike en/of godsdienstige kwessies in sy/haar kultuur (1 bladsy). (10)


**[20]**



FIGUUR 8a: Peter Paul Rubens, ***Kruisafneming (sentrale paneel)***, 1611 – 14. Olie op doek.



FIGUUR 8b: Salvador Dali, ***Kruisiging***, geen datum. Olie op doek.



FIGUUR 8c: Francis Bacon, ***Studie volgens Velazquez se Portret van Pous Innocent X***, 1946. Olie op doek.



FIGUUR 8d: Conrad Botes, ***Vreeslike dinge gaan gebeur***, 2003. Omgekeerde glas-skildery.

**VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES**


FIGUUR 9a is 'n selfportret deur die Meksikaanse kunstenaar, Frida Kahlo. Sy konfronteer ons met die afgryslike pyn wat sy haar hele lewe moes verdra nadat 'n busongeluk haar ruggraat op agtien vergruis het.

Jenny Saville is 'n Engelse skilder wat dikwels haar eie liggaam in onvleiende posisies as onderwerp uitbeeld (FIGUUR 9b).

Al die visuele bronne FIGUUR 9a, 9b, 9c en 9d is deur vrouekunstenaars wat die vroulike liggaam in hul werk gebruik het.

Deur na die visuele bronne in FIGUUR 9a, 9b, 9c en 9d te verwys, skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe en hoekom hierdie VIER vrouekunstenaars baie persoonlike verwysings na die vroulike liggaam gemaak het. Sluit die volgende in jou opstel in (2 bladsye):


- Visuele voorkoms van die werke (verwringing, styl, uitgangspunt, ensovoorts)
- Simbolisme
- Kwessies rakende die uitbeelding van die vroulike vorm
- Die spesifieke betekenisse wat jy dink hierdie werke oordra oor hoe hierdie vroue hul rol in die samelewing sien
- Jou persoonlike mening oor die werke. Gee geldige redes vir jou antwoord.
- Bespreek die werk van enige ander kunstenaar wat jy bestudeer het wat kwessies rakende geslag (manlik/vroulik) in sy/haar werk ondersoek het. **[20]**




FIGUUR 9a: Frida Kahlo, ***Die gebreekte suil**,* 1944. Olie op doek.



FIGUUR 9b: Jenny Saville, ***Gesteun*** (***'Propped')**,* 1992. Olie op doek.



FIGUUR 9c: Jane Alexander (Suid-Afrika), ***Gestroop (O, Ja Meisie) ('Stripped (Oh, Yes girl')**,* 1995. Beeldhouwerk uit gemengde media gemaak.



FIGUUR 9d: Diane Victor (Suid-Afrika), ***Ontbloot*** ('***Strip')***, 1999. Pastel op papier.

## VRAAG 10: KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

10.1 Bespreek enige TWEE kontemporêre voorbeelde van Suid-Afrikaanse argitektuur wat jy inspirerend gevind het. Die volgende moet in jou bespreking ingesluit word (1 bladsy):

- Naam van geboue en argitekte
- Funksie en perseel
- Styl en gebruik van materiale en boutegnieke
- Oorsese invloede en voorbeelde
- Geldige redes waarom jy die geboue inspirerend vind. (10)

10.2 Jy is 'n Suid-Afrikaanse argitek wat tans vir TWEE aparte projekte in Suid-Afrika tender. Die projekte sal in jou gemeenskap wees.

1. Luukse winkelsentrum
2. Laekostebehuisingprojek

Kies EEN projek en skryf 'n voorstel waarin jy jou ontwerpidees bespreek deur na die volgende kwessies rakende die projek te verwys (1 bladsy):

- Die behoeftes van die gemeenskap
- Perseel
- Omgewingskwessies – groen-ontwerp, energiebesparingsontwerpe, alternatiewe boumateriale, ens.
- Kontekstuele kwessies (sloping van ou geboue/skoonmaak van areas/ ensovoorts)
- Bespreking van spesifieke geboue, beide plaaslik en internasionaal, wat jou ontwerp beïnvloed het
- Gebruik van nuwe en tradisionele boumateriale en -metodes
- Versierings
- Stilistiese kenmerke (10)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou